

22 November

Skrifgedeelte: Efesiërs 4:1-16

Fokusgedeelte: Efesiërs 4:13 (12-14)

Dien só dat die liggaam van Christus opgebou word

Deur die kosbare versoeningswerk van ons Here Jesus Christus is jy 'n ledemaat van sý liggaam: die kerk (Ef 2:11-22 [16]). Jy is nie meer die mens wat dood was in die sonde nie, maar jy lewe omdat jy uit genade in Christus ingelyf is en deel van sy liggaam – die kerk – is. En om 'n ledemaat van hierdie liggaam te wees, hou groot troos in: jou hele lewe is gerig op Jesus Christus.

Daarom raak jy as lidmaat van die liggaam van Christus nie verward of bang en bekommerd wanneer allerlei onwaarhede oor dit waaroor ons geloof gaan, naamlik verlossing uit genade alleen deur die kruisdood en opstanding van ons Here Jesus wat uit 'n maagd gebore is, nie. Nee. Jy hou sáám met medegelowiges aan die waarheid in Christus vas. Want, leer die Here ons uit vers 13, ons groei as kerk van die Here sáám. Totdat die beeld van ons Here in die lewe van die kerk en elke lidmaat van die kerk sigbaar word.

Maar: Om te groei tot hierdie volle wasdom waartoe die Here ons geroep het, en waartoe Hy ons in staat gestel het deur die verdienste van Christus en die kragvolle werking van sy Gees, het ons die verantwoordelikheid om mekaar só met ons gawes te dien (vs 12) dat die liggaam van Christus opgebou en uitgebou word tot eer van God.

Die Here gee dit aan sy kerk om as eenheid onder die Hoofskap van ons Here Jesus te leef en só weerstand te bied teen díf wat die kernwaarhede van ons verlossing aanval. Hy doen dit deur die gawes wat Hy aan elkeen, wat vrygekoop is deur die bloed van Christus, gegee het.

Ware eenheid en geloofsvolwassenheid van 'n gemeente word alleen 'n werklikheid wanneer elke lidmaat in verantwoording teenoor God hulle gawes *tot sý eer alleen* aanwend.

Sing: Skrifberyming 15-1:1, 2, 3, 4

Ds JC van Dyk (Ventersdorp)